Maandag **8 Januarie**

**Skrifgedeelte: Genesis 9: 8-17**

**Fokusgedeelte: Genesis 9:11**

**God se natuurverbond as getuienis van sy voorsienigheid**

Die sondvloed het verwoestende gevolge op die aarde gehad. Behalwe vir Noag en die lewende wesens wat in die ark was, was die res van die skepping in chaos gedompel.

Ons lees in Genesis 8:1 'n besondere saak raak van God se voorsienigheid: "En God het gedink aan Noag en al die wilde diere en die vee wat saam met hom in die ark was." God se voorsienigheid begin altyd by die gedagtes van God. Ons moenie dink dat God vergeet het van Noag nie. Wanneer God aan sy skepping dink, gaan dit oor die uitvoering van sy raadsplan. Regdeur die Skrif lees ons dat wanneer God dink, dit oor sy genade en barmhartigheid gaan. God se gedagtes bepaal sy voorsienigheid. Dit wat God dink, gaan altyd oor in aksie. God het nie sy skepping versaak in hierdie tyd nie. God het begin met die herskepping van sy skepping. Die hele sondvloed dui vir ons daarop: God vernuwe dit wat die mens stukkend gemaak het. Natuurlik dui die hele sondvloed op groot uitkoms wat later uit die geslag van Noag uitkom, naamlik Christus. In 1 Petrus 3:20-21 lees ons dat die sondvloed 'n vooruitskouing was van die doop wat ons natuurlik herinner dat ons skoon gewas is in Christus.

Beide God se denke en die uitkoms wat Hy gee aan sy skepping, is gegrond op die ewige verhouding wat God met die skepping het. God bevestig sy voorsienigheid aan mens en dier in Genesis 9:8-17. Die inhoud van hierdie verbond vind ons in vers 11: "En Ek rig my verbond met julle op, dat alle vlees nie deur die waters van die vloed uitgeroei sal word nie" ... Nie net word die skepping gespaar met die natuurverbond nie, maar ook word daar heengewys na die Een wat die totale skepping finaal gaan hernu. En dit nie deur die waters heen nie, maar deur sy bloed wat gestort is om die Adamsvloek heeltemal ongedaan te maak.

*Sing: Psalm 145-1: 6, 7*

*Ds. JG (Jan) Ehlers (Meyerton)*